Posbus 281
Paarl, 7620
admin@paarlgim.co.za
Faks: +27 21 8728654

Hoërskool Gimnasium

Hoofstraat 416
Paarl, 7646
www.paarlgim.co.za
Tel: +27 21 8721541

KOSHUISBRIEF : NOVEMBER 2016

Geagte Ouers

Ek bring graag die volgende belangrike sake onder u aandag:

1. **Kredietwet**

Sien asb meegaande inligtingstuk aangaande die implikasies van die NASIONELE KREDIETWET op alle rekeningpligtiges. Let asb veral op dat koshuisgeld streng vooruitbetaalbaar is. Debietorders loop dus reeds op 2 Januarie. Alle direkte kontant- en internetbetalings moet ook reeds in Januarie plaasvind.

2. **Losiesgeld vir 2017**

Ons is bly om te kan sê dat die koshuisgeld vir 2017 slegs met 7.67% styg tot R 36 500.00 per leerder per jaar (R3 650 per maand oor 10 maande). Ek wil u versoek om dringend met u kind(ers) te praat oor die verantwoordelike gebruik van **water**.

Ons is veral verheug daaroor dat ons ten spyte van moeilike finansiële omstandighede sodanige beheer- en kontrolemaatreëls in plek het dat ons koshuisgeld relatief laag kan bly. Ons koshuis bied aan sy inwoners net die beste. Ten spyte daarvan is ons koshuisgeld steeds aansienlik laer as ander vergelykbare skole s'n.

Hierdie prestasie is slegs moontlik deurdat almal betrokke by ons koshuise met groot verantwoordelikheid optree en ons kinders saamwerk om ons koshuise 'n ordelike en netjiese plek te hou. Ons versoek alle ouers om dringend met hulle kinders te praat oor **vandalisme.** Die moedswillige beskadiging van eiendom is onopgevoed en totaal onaanvaarbaar**.**

Ouers moet asb dringend kennis neem van 'n besluit van die skool se beheerliggaam dat koshuisleerders hul plek in die koshuise verbeur indien koshuis- EN / OF skoolgeld agterstallig raak.

3. **Betaling per debietorder**

Ons wil baie sterk aanbeveel dat u u kind se losies per debietorder betaal (sien opsies van betaalwyses) aangesien dit die volgende voordele inhou:

- Dit is 'n baie gemaklike en moeitevrye manier van betaal
- Geen tjeks hoef uitgeskryf te word nie en geen posgeld is nodig nie
- Die risiko verbonde aan die hantering van kontant word uitgeskakel
- U debietorderaanvraag is beskerm teen bedrog, aangesien dit via die internet aangevra word
- Dit verbeter die koshuise se kontantvloei en pas gemakliker in by die kontantvloei van ouers wat van 'n maandelikse salarisinkomste afhanklik is
- U hoef slegs 'n eenmalige debietorder-magtiging te teken wat geldig bly vir die volle duur van u kind se verblyf in ons koshuise
- U kan die debietorder-magtiging te enige tyd kanselleer of wysig deur dit skriftelik onder ons aandag te bring
- U betaling sal altyd betyds wees – wat voordele vir u en die koshuise inhou

4. **Opsies van betaalwyses**

Ouers van graad 12-leerders (2017) moet asb daarop let dat hulle volle koshuisrekening vereffen moet wees teen die einde van die DERDE skoolkwartaal. Indien die volle rekening nie op die genoemde datum vereffen is nie, mag die betrokke leerder nie vir die vierde kwartaal terugkeer na die koshuis nie. Ouers wat maandeliks betaal, moet dus 9 betalings (Jan – Sept) van R4 056 per maand maak en diegene wat per kwartaal betaal, moet 3 betalings – soos op die datums hieronder uiteengesit – van R12 167 elk maak. Daar sal geen korting vir enige gr 12-leerder toegestaan word nie. Alle ouers moet dus die volle rekening van R 36 500 vir die jaar betaal. Alle agterstallige gelde sal op die eerste skooldag van die vierde skoolkwartaal aan ons skuldinvorderaars oorhandig word wat tot gevolg sal hê dat die wanbetaler geswartlys word.

U kan uit die onderstaande opsies kies watter betaalwyse u die beste pas:

4.1 ***MAANDELIKS PER DEBIETORDER***

<u>Voorwaardes :</u>

4.1.1 Betaling geskied in 10 gelyke betalings – die eerste in Januarie en die laaste in Oktober (R3 650 per maand per leerder)
Ouers van gr 12-leerders moet 9 betalings van R 4 056 maak (sien nota bo-aan hierdie bladsy)

4.1.2 Betaling geskied op die eerste dag van elke maand

4.1.3 Indien u debietorder afgewys word, moet u voor die 15e van die betrokke maand per tjek of kontant betaal.

4.2 ***VIER KWARTAALBETALINGS (SELF OF PER DEBIETORDER)***

Voorwaardes :

4.2.1 Betaling geskied in vier paaiemente van R9 125 elk:

4.2.2 Betaling moet geskied voor of op die volgende datums:
14 Januarie 2017
07 April 2017
21 Julie 2017
13 Oktober 2017

Ouers van gr 12-leerders se betalings moet op die eerste 3 datums gedoen word (sien nota bo-aan hierdie bladsy)

Debietorders word outomaties oorgedra van een jaar na 'n volgende (tensy u anders reël).

4.3 ***SELF PER MAAND***

Voorwaardes :

4.3.1 Betaling geskied in 10 gelyke paaiemente – die eerste voor 16 Januarie en die laaste in Oktober (R 3 650.00 per maand per leerder)

4.3.2 Betaling geskied per tjek, kontant of elektronies op die eerste dag van elke maand, met Januarie as die uitsondering.

4.4 ***JAARLIKS***

Voorwaardes :

4.4.1 Betaling geskied **voor of op 13 Februarie 2017** per tjek, kontant of elektronies

LW: Hou asb streng by die gekose opsie

Indien u kontantvloeiprobleme ondervind en nie op 'n spesifieke datum kan betaal nie, moet u asb VOORAF 'n skriftelike ooreenkoms vir die betaling van die agterstallige geld tref. Rekeninge word oorhandig aan ons prokureurs, Faure en Faure, indien dit op 90 dae te staan kom. Indien 'n rekening oorhandig word, verbeur die betrokke leerder sy / haar losies met onmiddellike effek. Daar sal dan van die rekeningpligtige verwag word om heraansoek te doen vir losies. Die aansoek sal slegs oorweeg word indien die rekening op datum gebring word en 'n nuwe betalingsooreenkoms met die rekeningpligtige gesluit is.

5. **Koshuisnaweke vir 2017**

Eerste kwartaal : 11 Januarie tot 31 Maart

- 20 - 22 Januarie
- 24 – 26 Februarie

Tweede kwartaal : 18 April tot 30 Junie

- 26 April – 01 Mei
- 12 - 14 Mei

Derde kwartaal : 24 Julie tot 29 September

- 11 – 13 Augustus
- 01 – 03 Sept

Vierde kwartaal : 09 Oktober tot 06 Desember

- 27 – 29 Oktober
- 10 – 12 November

LW : Alle kosgangers moet die koshuis gedurende hierdie naweke verlaat. Die koshuis sal om 17:00 gesluit word op die Vrydagmiddag en weer op die Sondag om 13:00 oopgesluit word. Die laaste ete word Vrydagoggend bedien en dan eers weer op die Maandagoggend.

6. **Selfone**

Selfone is 'n probleem wat ons moet bestuur. Indien u u kind skakel, dra asb sorg dat u dit slegs tydens **vrye tyd** doen. Tydens **stiltetye, studietye, etenstye** en **na ligte-uit** mag geen selfoonoproepe gemaak of ontvang word nie. ***Selfone word op eie risiko aangehou en kan nie van die koshuis geëis word in geval van diefstal nie.***

7. **Naweekverlof**

7.1 Weeklikse kosgangers

- Indien u hierdie opsie kies, verlaat u kind die koshuis elke Vrydag direk na skool en keer terug op die Sondagaand **voor 21:00** of op die Maandagoggend **voor 07:00**
- Leerders wat eers op die Maandagoggend inkom, moet in **volle skooldrag** afgelaai word – gereed vir die skooldag.
- Indien u kind op 'n spesifieke naweek wil inbly, is hy / sy welkom om dit te doen en geld alle naweekreëlings ook vir hom / haar
- ***Geen leerder wat verder as 300 km vanaf die Paarl woon, mag as weeklikse kosganger geregistreer word nie***

7.2 Kwartaallikse kosgangers

- Hierdie leerders **moet** twee koshuisnaweke per kwartaal neem (sien datums hierbo)
- Hierdie leerders **kan** nog twee ander geleentheidsnaweke per kwartaal neem, maar **slegs met skriftelike toestemming** (brief, e-pos of faks) deur ouer / voog
- Voorafgetekende briefies deur ouers is onaanvaarbaar
- Skriftelike toestemming moet **die onderskeie Superintendente van Huis McFarlane** bereik voor **14:00** op die **Woensdag en Huis Kalahari Visser** voor **14:00** op die **Donderdag** wat die geleentheidsnaweek voorafgaan en moet die naam en van, adres en telefoonnommers bevat van die gasouers waar u kind die naweek gaan deurbring en moet deur u as ouer onderteken wees
- Gedurende hierdie naweke is u kind dus die verantwoordelikheid van die gasouers. **Ek wil sterk aanbeveel dat u minstens telefonies met u kind se gasouers in verbinding tree om die naweekreëlings te bevestig voordat u verlof daartoe vra**
- Dit staan u as ouer egter vry om u kind op enige tydstip by die koshuis te kom oplaai indien u die Paarl of omgewing besoek. U moet asb net te alle tye u kind persoonlik by die onderskeie Superintendente uitteken **voordat** die koshuis verlaat mag word
- Al bogenoemde is te alle tye onderhewig aan die uitsluitlike voorwaarde dat u kind geen sport-, kategese- of detensieverpligtinge het nie

8. **Verlaat van koshuis gedurende die week**

- Vanweë die groot ontwrigting wat veroorsaak word deur ouers wat hul kinders op enige weeksdag sonder verlof uit die koshuis neem, word hierdie gebruik ten sterkste ontmoedig
- **Die Superintendente, Hoof, Koshuishoof of Beheerliggaam aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige leerder wat die koshuis sonder verlof verlaat nie. Ons verwag van alle ouers om in 2017 'n ooreenkoms in hierdie verband te onderteken.**

9. **Siekte**

- Indien u u kind wil huistoe neem vanweë siekte, moet u die onderskeie Superintendente asb in kennis stel **voordat u kind die koshuis verlaat**
- Indien u kind siek word terwyl hy / sy tuis is, moet u die onderskeie Superintendente onmiddellik in kennis stel
- Indien u in gebreke bly om die koshuise hiervan in kennis te stel, sal dit beskou word as die wederregtelike verlaat van die koshuis

10. **Partytjies op weeksdae**

- Geen kosganger sal toegelaat word om op weeksdae partytjies by te woon nie
- Indien u kind verjaar, staan dit u vry om hom / haar en u ander kind(ers) vir die aand uit te neem, **maar geen ander kosganger sal toegelaat word om u te vergesel nie. Geen uitsondering kan in hierdie verband gemaak word nie**

11. **Studeerlampies / Bedlampies**

- Studeerlampies is 'n voorvereiste vir alle leerders wat toegelaat word om in hul **kamers** te studeer
- Ons beveel egter aan dat **alle** leerders bedlampies aanskaf vir studiedoeleindes

12. **Elektriese apparaat**

- Dompelaars, ketels, yskaste en elektriese komberse word nie toegelaat nie
- Slegs haardroërs, waaiers **(1 per kamer)** en musiektoestelle **(1 per kamer)** word toegelaat
- ***Slegs verwarmers wat warm lug uitblaas is toelaatbaar. LW : Geen verwarmers met oop elemente of 'n oop hittebron nie*** **(1 per kamer)**
- Urns, mikrogolfoonde en yskaste is in die gange beskikbaar

13. **Koshuisgelde**

- Baie dankie aan elke ouer wat sy / haar finansiële verpligting teenoor die koshuise getrou nagekom het
- **Ons was ongelukkig verplig om 'n aantal rekeningpligtiges aan invorderaars te oorhandig aangesien hulle na herhaalde beroepe in gebreke gebly het om hul agterstallige rekeninge te vereffen. Hierdie leerders sal nie toegelaat word om in 2017 na Huis McFarlane terug te keer nie.**

14. **Vroeë vertrek met vakansie**

- Geen koshuisleerders mag die skool voor **11:00** op die dag waarop die skool sluit, verlaat nie
- Geen verdere vergunning sal in hierdie verband gemaak word nie
- Geen vraestelle mag vroeër geskryf word nie.

15. **Vervoerreëlings**

- Alle vervoerreëlings moet **minstens 5 skooldae vooruit** regstreeks **deur die ouers** aan **mev Ilze Stoman** deurgegee word
- Vervoer sal slegs verskaf word na busse en die lughawe op die tye wat vooraf bepaal word
- Vervoer sal slegs verskaf word voor en na skoolvakansies en uitnaweke
- Ons koshuispersoneel is ook geregtig op private tyd tydens uitnaweke en skoolvakansies en daarom sal dit slegs billik wees om reeds voor die vakansies en uitnaweke ook die terugkomreëlings te tref.
- **Vervoer na busse wat vanuit die Paarl vertrek, sal gratis verskaf word. Vervoer na Malmesbury sal verskaf word teen R150 retoer en na die lughawe teen R300 retoer aangesien die koshuis die bestuurders vir hul diens moet vergoed en die busse by die Trust moet huur**.
- **Geen leerder sal vervoer word sonder 'n inbetalingsbewys wat deur mev. Koeka Dedekind uitgereik sal word na betaling nie.**
- **Geen betaling deur middel van Internet word aanvaar nie.**

16. **Digitale kluise**

Kluise kan gehuur word teen R 200 per jaar. By betaling van die huurgeld sal elke leerder 'n persoonlike kode ontvang vir gebruik van die kluis.

17. **Gedragskode**

Die koshuise se gedragskode word tans hersien en sal op ons webtuiste beskikbaar gestel word. Elke ouer moet asb op die dag voor die skool in Januarie begin, 'n kopie van die nuwe gedragskode in die voorportale van die onderskeie koshuise ontvang en 'n ontvangserkenning teken. Hierdie gedragskode dien dan as 'n kontrak wat tussen die koshuise en die ouers van koshuisleerders aangegaan word. Ouers moet asb kennis neem dat die toepassing van dissipline in die koshuise nie onder die bepalings van die SA Skolewet val nie, maar dat dissipline in koshuise die direkte verantwoordelikheid van die SBL is.

18. **Vestiging van 'n akademiese kultuur in die koshuise**

Akademiese prestasie is vir ons ononderhandelbaar. Daarom het die Koshuiskomitee besluit dat slegs leerders wat 80% of hoër (gemiddeld) per kwartaal behaal, toegelaat sal word om in kamers te studeer. Die afsnypunt word bepaal deur die aantal kamers wat vir studie beskikbaar is. Die res van die leerders sal in die studiesale onder toesig van die diensonderwysers studeer. Alle graad 12's sal aanvanklik toegelaat word om in kamers te studeer, maar sal onmiddellik na die studiesale verskuif word indien hulle nie hul studietye maksimaal benut nie. Geen ontwrigting van studie sal toegelaat word nie. Die Superintendente het reeds op verskeie insentiewe besluit om leerders

wat akademies vorder en/of presteer, te beloon. Persoonlike terugvoer en motiverende gesprekke sal ook met onderpresteerders gevoer word. Ons versoek alle ouers om hierdie projek ten volle te ondersteun en 'n aktiewe bydrae te lewer om te help om die gewenste akademiese atmosfeer in ons koshuise te vestig.

19. **Nuwelinge**

Alle inligting aangaande die ontvangs van graad 8's en die graad 8-kamp is op die koshuise se webtuiste beskikbaar. Alle ander nuwelinge en alle gr 9's kan vanaf 14:00 op Dinsdag 10 Januarie by Huis McFarlane aanmeld. Om 19:00 vergader die Superintendente met graad 9's en alle nuwelinge in die ontspanningsaal van Huis McFarlane.

20. **Telefoonnommers**

Ek verstrek graag die volgende belangrike telefoonnommers vir direkte kontak:

- Huis McFarlane :

1.	Leerderaangeleenthede (dogters) :	Mev Momsen	**076 237 0000**
2.	Leerderaangeleenthede (seuns) :	Mnr De Wet	**074 352 1182**
3.	Leerderaangeleenthede (skoolure) :	Mev Dyason	**021-872 3870**

- Huis Kalahari Visser :

1.	Leerderaangeleenthede (dogters) :	Mev Myburgh	**082 325 3573**
2.	Leerderaangeleenthede (seuns) :	Mnr Eksteen	**083 565 0313**
3.	Leerderaangeleenthede (skoolure) :	Mev Pretorius	**021-872 4066**

21. **Voertuie**

Matrikulante mag slegs tydens die vierde kwartaal motors op die skoolterrein bestuur en parkeer. Sodanige leerder moet in besit wees van 'n geldige bestuurderslisensie. Motors word te alle tye by die klubhuis (Pickard-sentrum) parkeer. Geen motors word op enige ander plek op die skoolterrein parkeer nie – dus, ook nie op die parkeerarea van die CR Sentrum nie.

Ek, my gesin en die koshuispersoneel wens u 'n vreugdevolle Feesgety en 'n voorspoedige 2017 toe.

Groete

ANDRé OBERHOLZER
KOSHUISHOOF

2016-11-14